# 1. Inleiding, probleem- en doelstelling en metodologiese verantwoording

## 1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die agtergrond van die probleem, naamlik die invloed van die Nasionale Party se segregasiebeleid op die onderwysvoorsiening vir swart mense in die periode 1950-1984 geskets, die probleem- en doelstelling van die navorsing gestel, 'n metodologiese verantwoording gedoen en die program van ondersoek uitgestippel.

## 1.2 Konteks en agtergrond van die navorsing

Rassesegregasie het gereeld in die geskiedenis van Suid-Afrika sy verskyning gemaak, maar die praktyk het nie altyd 'n getroue deel van die beginsel weergegee nie (McCrone, 1970:15). Rassesegregasie in die Suid-Afrikaanse opset kan slegs in perspektief gesien word as sy historiese wortels ook bestudeer word (Labuschagne, 1987:20). Volgens Govender en Woker (1987:235-236) het sendingonderwys in 1658 al tekens van rassesegregasie getoon deurdat die koloniste se kinders as meesters en die swart kinders as slawe opgevoed is.
De Mist erken byvoorbeeld ook in 1804 dat 'n definitiewe skeiding tussen blankes en swart mense die enigste uitweg is om botsing tussen die twee groepe te voorkom (Engelbrecht, 1959:92).

Die ontevredenheid van die Boere met die Britse regering het Afrikaner-nasionalisme aangewakker en gesorg dat die ontwikkeling van liberalistiese strominge (soos integrasie van rasse) skipbreuk ly (Anon., 1971:109). "Boer" word gedefinieer as Afrikaner (Reader's Digest, 1988:79). Gedurende die Groot Trek

(1835-1838) het die Voortrekkers dus die skeiding tussen blankes en swart mense beklemtoon (Engelbrecht, 1959:109).

Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika (31 Mei 1910) het nie die einde van rassesegregasie beteken nie, maar het eerder 'n nuwe era ingelei waarin die apartheidsgedagte 'n breër beslag gekry het. Apartheid het nou ook die voogdyskapsbeginsel en die proses van opheffing van die swart mense ingesluit (Engelbrecht, 1959:38). Lambrechts, Bennison, Bester, Fourie, Trümpelmann en Labuschagne (1986:231) verwys dan ook na agtereenvolgende regerings wat vanaf Uniewording 'n segregasiebeleid gevolg het.

'n Belangrike jaar in die segregasiegeskiedenis van Suid-Afrika is 1948, want in dié jaar is die apartheidsbeginsel, met die bewindsoorname van die Nasionale Party, wetlik bevestig (Govender en Woker, 1987:236). Die Apartheidswette kan beskou word as die vaslegging van 'n ou tradisie in Suid-Afrika (Hansard (S) 1965, kol.1822).

Die segregasiebeleid het ook die onderwys nie verbygegaan nie. In 1953 dring dr. H.F. Verwoerd aan op 'n uniforme onderwysbeleid, naamlik 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling (Departement van Naturellesake, 1954:6). Die beleid van die Nasionale Party is op sy duidelikste uitgespel nadat dr. Verwoerd in 1950 as Minister van Naturellesake aangestel is, en hy die beleid as 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling voorgehou het (Lintvelt, Smit, Vlok, Van Wyk en Smit, 1986:263,267).

Die Cillié-kommissie (1980:593-603) het die gebrek aan politieke regte, die instromingsmaatreëls en die apartheidswette as bydraende oorsake van die 1976-opstande geïdentifiseer.

* Hierdie woordeboek, uitgegee deur Reader's Digest, blyk by nadere beskouing aan die vereistes van 'n wetenskaplike bron te voldoen.

Albertyn (1987:243) verwys na 'n "coherent system of racialist legislation" wat veral vanaf 1948 tot die middel 1970's in werking was.

Op 30 Januarie 1981 sê G.S. Bartlett in die Volksraad dat die Nasionale Party al 33 jaar apartheid, separatisme of te wel rassesegregasie verkondig (Hansard (V) 1981, kol.399). In die vroeë 1980's was die Nasionale Party met sy segregasiebeleid nog stewig in die regeringstoel.

Teen hierdie agtergrond van die Nasionale Party se rassesegregasiebeleid word die onderwysvoorsiening vir swart mense in die periode 1950-1984 in hierdie ondersoek nagevors en beskryf.

## 1.3 Probleemstelling

Ter wille van toekomsbeplanning en die oplos van aktuele onderwysproblematiek ten opsigte van onderwys vir swart mense moet die volgende vraag beantwoord word: Watter opvoedkundige implikasies het die segregasiebeleid van die Nasionale Party vir onderwys vir swart mense in die periode 1950-1984 gehad?

## 1.4 Aktualiteit van die navorsing

Lambrechts <u>et al</u>., (1986:253) verwys na Suid-Afrika se toenemende isolasie vanaf 1948 en die feit dat Suid-Afrika se

beleid van apartheid hom die teiken maak van kritiek in die buiteland. Grobler (Hansard (S) 1965, kol.1794) bevestig dat Suid-Afrika se apartheidsbeleid hom die teiken van buitelandse kritiek maak as hy verwys na die organisasie "Congress of racial

equality" wat Amerikaanse nyweraars in Suid-Afrika gevra het om apartheid te beveg. Die Deense Nasionale Studente-unie het ook gedreig om honderdduisend briewe aan inwoners van Johannesburg te stuur waarin hulle hul afsku vir apartheid uiteen sou sit (Hansard (S) 1965, kol.1795). Labuschagne (1987:126) beklemtoon dus heeltemal tereg dat kritiek teen apartheid oor die jare in felheid vanuit die buiteland sowel as binnelands toegeneem het.

Binnelands is voortdurende onderwysonrus deel van Suid-Afrika se probleme. Onderwys vir swart mense word deur die meeste swart mense beskou as 'n uitwas van die apartheidsbeleid (Van der Walt, Postma, Monteith, Mentz en Steyn, 1987:32).

Bozas (Hansard (S) 1980, kol.193) ondersteun die Cillié-kommissie se bevinding dat die grondliggende oorsaak van die 1976-onluste die beleid van afsonderlike ontwikkeling was.

Verskeie studente-, onderwysers- en selfs ouerorganisasies het in reaksie op die segregasiebeleid en dié se invloed op die onderwys vir swart mense ontstaan.

Onder hierdie organisasies tel: die United Democratic Front (UDF), Congress of South African Students (COSAS), African Teachers Association of South Africa (ATASA),

National Education Union of South Africa (NEUSA), East London Progressive Teachers Union (ELPTU), Eastern Cape Teachers Union (ECTU), Western Cape Teachers Union (WECTU), Democratic Teachers Union (DETU), National Education Crisis Committee (NECC) (Chisholm, 1986:14-15). Die Cilliè-kommissie (1980:571-576) identifiseer ook organisasies soos die Pan-Africanist Congress (PAC), Black People's Convention (BPC), South African Students' Organisation (SASO) en Soweto Students' Representative Council (SSRC).

Die invloed van die segregasiebeleid op onderwys vir swart mense blyk duidelik uit die afsonderlike onderwysgeriewe vir verskillende kultuurgroepe en die reaksie op die invloed word beliggaam in die ontstaan en bestaan van bogenoemde organisasies (Truter, 1981:127).

Die oogmerk van die Historiese Opvoedkunde is juis om "aan die hand van die verlede die hede te verhelder, te ontleed en aldus die huidige vraagstukke op te los" (Van der Walt, Steyn en Niemann, 1980:1). Daarom is dit vir die Suid-Afrikaanse opvoedkundige essensieel om die opvoedkundige implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid in die periode 1950-1984 na te gaan. Slegs deur die bestudering van die verlede kan die huidige probleme rondom onderwys vir swart mense begryp en opgelos word en opvoedkundig-prognostiese uitsprake vir die toekoms gemaak word (Barnard, 1980:14).

## 1.5 Doel van die navorsing

Die doel met die navorsing waarop hierdie verhandeling berus, was om te bepaal wat die opvoedkundige implikasies van die

segregasiebeleid van die Nasionale Party vir die onderwys vir swart mense in die periode 1950-1984 was.

## 1.6 Metodologiese verantwoording

Tipiese historiese metodes soos die volgende is in die loop van die navorsing gebruik:

1.6.1 Die probleem-historiese metode word by uitstek gebruik deur die probleem teen die agtergrond van geskiedkundige gebeure en in historiese perspektief te plaas (Barnard, 1980:23).

1.6.2 Die versameling van histories-opvoedkundige gegewens is deur middel van literatuurstudie gedoen (Coetzee, 1963:15).

1.6.3 Die prinsipieel-besinnende metode is gebruik by die evaluering, oorweging en interpretering van die bestaande feitlike gegewens (Coetzee, 1963:17).

1.6.4 Die wetenskaplike verklaring van die versamelde gegewens is deur bron- en teksontleding gedoen (Van Wyk en Geldenhuys, 1987:3-4).

1.6.5 In navorsing van hierdie aard kan die navorser maklik neig om onwetenskaplik, emosioneel en bevooroordeeld te werk te gaan. Daarom is dit belangrik om 'n empatiese benadering te volg, maar tog ten alle tye wetenskaplik te werk te gaan (Van der Walt et al, 1987:12-13).

1.6.6 Die beoordeling van bronne en gegewens is aan die hand van die transendentaal-kritiese metode gedoen.

1.6.7 'n Keuse van persone met wie onderhoude gevoer is, is volgens die metode van historiese gewig gedoen (vgl. 1.8.7).

1.7 Terreinafbakening

Die terreinafbakening geskied in terme van die verklaring van die volgende begrippe:

1.7.1 1950: "From the late 1950's onward the rationale of official policy changed its emphasis. Apartheid had been sold... as the means of white salvation... but under dr Verwoerd's premiership apartheid became separate development" (Welsh, 1972:51.) Hierdie aanhaling toon duidelik waarom 1950 gekies is as die datum waarvandaan met hierdie navorsing begin is.

1.7.2 1984: Alhoewel apartheid nie in 1984 afgeskaf is nie, is 1984 'n baken op die weg van afskaffing van die segregasiebeleid ten opsigte van onderwys. Volgens Wet 76 van 1984 het onderwys 'n "eie sake aangeleentheid" geword. Wet 76 van 1984 (Wet op die Nasionale beleid vir algemene onderwyssake) maak ook voorsiening vir die bepaling van 'n nasionale beleid vir algemene onderwyssake binne die raamwerk van sekere beginsels. Een van die beginsels is: "Dat gelyke onderwysgeleenthede, met inbegrip van gelyke onderwysstandaarde, vir elke inwoner van die Republiek, ongeag ras, kleur, geloof of geslag, nagestreef moet word". (Wet 76/1984.)

1.7.3 Opvoedkundige implikasies: Met "opvoedkundige" word alles wat met die opvoeding van die kinders (i.c. swart kind) te make het, bedoel. Opvoeding is volgens Van der Walt (1983:26)

"voeding na bo". Die opvoedeling word doelbewus tot volwassenheid gelei. Vir die Christen-opvoeder is opvoeding dus die "voeding na bo" tot Christelike volwassenheid.

"Implikasies" word in die HAT (1988:433) verklaar as: "Iets wat nie direk of duidelik uitgedruk is nie, maar as 'n vanselfsprekenheid aangeneem word, iets wat ingesluit, inbegrepe is, veronderstel word in, volg uit iets anders..." In hierdie navorsing word ondersoek ingestel na die segregasiebeleid en word daar gepoog om vas te stel in watter mate die beleid onderwyssegregasie ingesluit of veronderstel het; dus geïmpliseer het.

1.7.4 Segregasie: Apartheid, segregasie, differensiasie, parallelle ontwikkeling en afsonderlike vryheid is volgens Scheepers Strijdom (1967:i) sinonieme begrippe. Volgens Kruger (1960:402) het die Nasionale Party kort voor die 1948-verkiesing 'n pamflet versprei waarin die segregasiebeleid omskryf is as: "a concept historically derived form the experience of the established White population of the country, and in harmony with such Christian priciples as justice and equity."

Vanaf 1948 het die Nasionale Party die segregasiebeleid gegrond op wetgewing soos die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike (55/1949), die Ontugwysigingswet(21/1950), die Bevolkingsregistrasiewet (30/1950), die Groepsgebiedewet (41/1950) en die Wet op Aparte Geriewe (49/1953) (Lintvelt et al., 1987:264). Wetgewing soos die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur (46/1959) impliseer segregasie ten opsigte van volke, terwyl wette soos die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike weer

rassesegregasie impliseer.

Dit wil voorkom asof daar terminologiese verwarring kan ontstaan. Volgens die HAT (1988:949) is segregasie 'n "... maatskaplike of politieke bestel waarvolgens rasse, klasse, etniese groepe geskei word." Hierdie definisie sluit rassesegregasie sowel as segregasie ten opsigte van etniese verskille in. Ras word gedefinieer as: "...group of people having common ancestry and distinguished form others by certain physical charateristics, strain..." (Reader's Digest, 1988:1103.) Ras dui dus meer op 'n biologiese eenheid.

Die Inligtingsdiens van die Departement van Naturellesake (1958:4) definieer segregasie as: "...something for oneself. Seperate development means the growth of something for oneself and one's nation, due to one's own endeavours." Hierdie definisie impliseer weer segregasie ten opsigte van nasieskap. 'n Nasie is 'n politieke eenheid; "'n willekeurige versameling mense wat onder dieselfde politieke organisasie staan" (HAT, 1988:727).

Viljoen (1970:19) sê dat daar onthou moet word dat daar binne sowel die blanke as die nie-blanke rassegroepe in Suid-Afrika ook nog verskillende volksgroepe is. Voorts waarsku hy dat die begrip rasseverhoudings daartoe kan lei dat die volkereverskeidenheid binne die rasseverband vervaag.

W.W.M. Eiselen was sterk bewus van onderlinge verskille van taal en kultuur in die groter groep swart mense. 'n Nuwe dimensie van segregasie kom dus hier na vore, naamlik segregasie ten opsigte van volke (Eiselen, 1972:6). 'n Volk is 'n kulturele

eenheid; "'n groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid het" (HAT, 1988:1301). Boshoff (1977:27) definieer kultuur as: "die uiterlike en innerlike lewensgestalte van 'n volk..."

Volgens Du Toit (1955:23) word 'n volk se identiteit gevorm deur onder meer 'n gemeenskaplike land, 'n bloedband, kultuur, godsdiens en taal. Die beleid van selfbeskikking vir die verskillende swart volke in die land is gebore uit Eiselen se siening van en insig in die volkereverskeidenheid in Suid-Afrika (Eiselen, 1972:6).

'n Moontlike verklaring vir hierdie terminologiese verwarring kan gevind word in die feit dat die begrippe ras, nasie en volk tegnies onderskei word, maar in die omgangstaal gebruik word om 'n afdeling van die mensdom aan te dui wat as 'n afsonderlike eenheid beskou word (HAT, 1988:879).

'n Ander moontlike verklaring vir die terminologiese verwarring kan gevind word in die feit dat segregasie op verskeie gebiede betrekking gehad het. Op maatskaplike gebied is segregasie toegepas deurdat bloedvermenging tussen blankes en nie-blankes verbied is. By implikasie is hier dus sprake van maatskaplike, rasse- en kleursegregasie. Die bevolking is ingedeel in vier rasse Asiërs, blankes, Kleurlinge en swartes. Die swartes is weer onderverdeel op grond van etnisiteit.

Apartheid is ook uitgebou op kulturele vlak (Muller, 1980:494). Rhoodie (1970:111) beklemtoon dat die blanke hom nie net op grond van bio-genetiese verskille van die swarte distansieer nie, maar hoofsaaklik op grond van sosiale en kulturele

verskille. Kultuurdifferensiasie word gesien as die rede waarom daar ook op onderwysgebied onderskei word tussen onderwys vir blankes en swartes (Muller, 1980:494).

Ook op ekonomiese gebied is segregasie ingevoer, byvoorbeeld ten opsigte van vakbonde en werkreservering. Segregasie op politieke gebied is waarneembaar ten opsigte van stemreg (Muller, 1980:496).

Volgens Boesak (1986:113) impliseer apartheid dat "the most important thing about a person is not that he or she is a human being created in the image of God with inalienable rights, but his or her racial identity."

1.7.5 Naturelle-onderwys verwys na onderwys vir die swartes in die periode 1953 tot 1979. Onderwys vir swart mense verwys na onderwys vir swartes na 1979.

1.7.6 Hierdie navorsing lê voorts op die terrein van die Historiese Opvoedkunde.

1.7.7 Nie-blankes word in die studie gebruik as 'n begrip wat verwys na alle bevolkingsgroepe wat nie blank is nie, o.a. swart mense, Kleurlinge en Indiërs.

1.8 Program van ondersoek

Die volgende stappe is in die loop van die navorsing gevolg:

1.8.1 Voorlopige literatuurstudie

1.8.2 'n NAVO/RGN-soektog met die trefwoorde: VERWOERD, APARTHEID, SEGREGASIE is op 20 April 1989 gedoen.

1.8.3 'n GKPV-soektog (Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge) is op 10 Maart 1989 onderneem.

1.8.4 Op 18 April 1989 is 'n ERIC-DIALOG-soektog met die trefwoorde: SOUTH AFRICA, APARTHEID, BLACK EDUCATION gedoen.

1.8.5 'n Soektog na knipsels van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) is in September 1990 gedoen.

1.8.6 Verdere literatuurstudie met die oog op soeke na primere bronne is gedoen.

1.8.7 Ontleding van gegewens: Kritiek op bronne.

1.8.8 Onderhoude is volgens die metode van historiese gewig beplan:

1.8.8.1 'n Onderhoud is op 3 Oktober 1989 met mnr. M.C. Botha, 'n gewese Minister en vir 19 jaar verteenwoordiger in die Volksraad, gevoer.

1.8.8.2 'n Onderhoud is op 4 September 1990 met mnr. A. Cambinda, 'n gewese skoolhoof, gevoer.

1.8.8.3 'n Beplande onderhoud met mnr. Merbolt of mnr. Jordaan van die Departement van Onderwys en Opleiding kon nie plaasvind nie. Aanvraag van inligting vanaf die departement is deur hulle gedoen, maar is by afhandeling hierdie werk nog nie ontvang nie.

1.8.9 Skryf van die verslag van die navorsing.

## 1.9 Struktuur van die verslag

Die verhandeling bevat die volgende hoofstukke:

1.9.1 Inleiding, probleem- en doelstelling en metodologiese verantwoording.

1.9.2 Differensiasie ten opsigte van grondmotiewe en kultuur as determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid.

1.9.3 Konteks en agtergrond van die Nasionale Party se segregasiebeleid: Polities en onderwyskundig.

1.9.4 Opvoedkundige implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid vir onderwys vir swart mense in die periode 1950-1984.

1.9.5 Reaksionêre optrede teen aparte onderwysvoorsiening.

1.9.6 Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.9.7 Bronnelys

## 1.10 Samevatting

Na die agtergrondskets, die probleem- en doelstelling, die metodologiese verantwoording en die beskrywing van enkele ander beplanningsfasette van die navorsing in hierdie hoofstuk, kan daar nou oorgegaan word tot 'n bepaling van grondmotiewe en kultuur as determinante van die NP se segregasiebeleid.